
# FAKKEL-FLITSE

*Weeklikse nuusflitse vir 'n ingeligte Framesby -familie!*

Hoërskool Framesby
HANDHAAF EN BOU

**UITGAWE 327 · 26 JANUARIE 2024**

Kontakbesonderhede: mediasentrum@framesby.co.za




**HIERDIE WEEK SE FAKKEL-FLITSE WORD MET TROTS GEBORG DEUR: SUNRIDGE VILLAGE**

# UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Beste Ouers

Ek haal Galasiërs 6 vers 10 aan: "Solank ons die geleentheid het, moet ons dus aan almal goed doen, veral aan ons medegelowiges." Mag hierdie ook vir ons 'n aansporing wees om goed te doen in die Framesby gemeenskap.

EK WIL VAN HIERDIE GELEENTHEID GEBRUIK MAAK OM DIE MATRIEKKLAS VAN 2023 GELUK TE WENS MET BESONDERE UITSLAE. AAN ELKE OUER WAT DIE PAD SAAM MET HIERDIE LEERDERS GESTAP HET, 'N WOORD VAN BESONDERE DANK. IN BESONDER AAN HEILA OOSTHUIZEN WAT AS DIE TOPLEERDER VAN 2023 IN DIE OOS-KAAP AANGEWYS IS. WEEREENS BAIE GELUK MET DIE PRAGTIGE PRESTASIE.
DIE FEIT DAT HS FRAMESBY AS DIE TOP AKADEMIESE SKOOL IN DIE PROVINSIE AANGEWYS IS, VERSTERK DIE BEWEGING NA 'N LEERKULTUUR WAT GEVESTIG WORD BY HS FRAMESBY.

Ouers, ek wil graag die volgende belangrike punte vir u uitlig:

A) BELA BILL
Inligting rondom die wetgewing sal per sms aan u deurgegee word. U word dringend deur die BEHEERLIGGAAM versoek om met die aangehegte konsepbrief u teenstand aan te dui teen 31 Januarie 2024.

B) DIE HANGER
EK VERSOEK DAT U ALLE PROBLEME RAKENDE DIE HANGER DRINGEND AAN MY KOMMUNIKEER BY DIE VOLGENDE E-POS ADRES [skoolhoof@framesby.co.za] SODAT ONS AANDAG DAARAAN KAN GEE IN DIE TOEKOMS. DIE KORREKTE MANIER OM PROBLEME OP TE LOS IS OM DIREK MET DIE SKOOL TE KOMMUNIKEER, SODAT ONS SAAM MET DIE BESTUUR VAN DIE HANGER KAN VERGADER EN DIT KAN OPLOS. EK VRA U SAMEWERKING IN HIERDIE VERBAND.

C) AFLAAI VAN LEERDERS [HEK A – E]
'n Vriendelike versoek dat alle leerders nie net by Hek B afgelaai moet word nie. HS Framesby groei sterk en die versoek van die bestuur van die skool is dat u ook u leerders by die ander 4 hekke moet aflaai. Maak van al vyf hekke gebruik om leerders af te laai. Geen leerders moet aan die binnekant van die skool afgelaai word nie. Leerders moet versigtig deur die hekke beweeg en bewus van verkeer wat daar beweeg.

D) HULPKLASSE WISKUNDE
Hulpklasse vir grade 8 tot 10 sal Dinsdag, 6 Februarie 2024 begin. Tye is in die jaarbeplanner aangebring.

E) NETHEIDSINSPEKSIE
Neem kennis dat daar woensdagoggende netheidsinspeksie sal wees. Maak seker dat leerders se voorkoms volgens die reëls van die skool is.

F) DATAVORMS – GRAAD 8 TOT 12
Datavorms moet spoedig voltooi word en terugbesorg word aan voogonderwysers.

G) GRAAD 8
Alle graad 8 leerders wat nog nie hul rapporte van graad 7 by hul voogonderwysers ingegee het nie, moet dit spoedig moontlik doen.

H) GRAADHOOFDE
Graadhoofde is as volg ingedeel en kan op hul e-pos adres soos hieronder gekontak word:

| | AKADEMIE | WELSTAND |
|---|---|---|
| **Graad 8** | Mev. H Strauss<br>**hstrauss.framesby@gmail.com** | Mnr. K de Villiers<br>**konraddevilliers@gmail.com** |
| **Graad 9** | Mev. M Snyders<br>**moniquesnyders.hsf@gmail.com** | Mnr. P Bosch<br>**phillip.bosch15@gmail.com** |
| **Graad 10** | Mej. N Potgieter<br>**npotgieter@framesby.co.za** | Mnr. E Ittershagen-Strauss<br>**ittgraadhoof@gmail.com** |
| **Graad 11** | Mej. L Schelbert<br>**lschelbert@framesby.co.za** | Mnr. D Barnard<br>**dbarries1995@gmail.com** |
| **Graad 12** | Mnr. F van der Walt<br>**fvdwalt@framesby.co.za** | Mev. T Nell<br>**twanenell8@gmail.com** |

I) KWARTAALPROGRAM
Aangeheg die eerste kwartaal se kwartaalprogram. Neem kennis dat daar veranderings is.
Ouers, ek sluit af deur u te bedank vir u ondersteuning. Dit wat Hoërskool Framesby u leerder in 2024 op alle terreine bied, is

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

voorwaar 'n winskopie. Hierdie geleenthede teen ons huidige skoolfonds sal u by min skole kry. Soos ek dikwels vir u sê: die toekoms is blou en goud. Kom ons werk almal daaraan om dit so te hou.

MARIUS GERMISHUYS
SKOOLHOOF



SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

# TOPSKOOL ÉN TOPLEERDER IN DIE OOS-KAAP!

**FRAMESBY BARS VAN TROTS!**

Hoërskool Framesby is as die top akademiese skool in die Oos-Kaap aangewys. Heila Oosthuizen is ook as die topleerder in die Oos-Kaap aangewys.

Knap gedaan aan elke leerder en onderwyser vir hul harde werk.












SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# DIE FEESVIERINGE DUUR VOORT!

Hoërskool Framesby het Woensdagoggend 'n spesiale ontbyt vir die akademiese personeel en beheerliggaamlede gereël, om ons matriekuitslae te vier. By dié geleentheid het mnr. Germishuys elke onderwyser en ons akademiese hoof, mev. Loftus, bedank vir hul harde werk en die pragtige matriekuitslae. Heila Oosthuizen en haar ma, Corne Oosthuizen, was ons eregaste. Heila het iets van die skool ontvang om haar geluk te wens met haar puik prestasie as top Leerder in die Oos-Kaap.









## BUITESPORT

Kiara Hough en Zandri Stumke in Graad 10 het 13 en 14 Januarie met die Western Mounted Games 2024 seisoen afgeskop en het ongelooflik in beide afdelingsgevaar, naamlik South African Western Mounted Games Association (SAWMGA) asook South African National Equestrian Schools Association (SANESA). Hierdie 2 talentvolle ruiters verteenwoordig hierdie jaar Framesby met trots in Level 2 (Zandri) en Level 3 (Kiara).







SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# ATLETE SKITTER BY ASA OP-ATLETIEK

ASA OP-Atletiekliga 5

Die ASA OP-Atletiekliga het die afgelope naweek afgeskop vir die 2024 seisoen. Die atlete van Hoërskool Framesby het die seisoen afgeskop met uitstekende tye en afstande op die baan en veld onderskeidelik.

Twee Framesby atlete het 3 OP-rekords verbeter tydens die byeenkoms. Kayden Thoressen het met die intrapslag uitmuntend presteer en het die OP-rekords in onderskeidelik die Paalspring en Driesprong verbeter. Hy het sy eie OP-paalspringrekord verpletter, en die ou rekord van 3.35m na 3.92m verbeter. Hy het ‘n 10 jaar oue Driesprong-rekord met 1cm verbeter na 12.67m. Tiané Slabbert het ook haar eie OP-paalspringrekord vanaf 2.50m na 2.60m verbeter.

Die volgende 5 atlete het uitmuntend presteer en het meer as 800 punte op die APE Tabel behaal:

- Lincoln Kunneke, S16, Hamergooi, 892 punte
- Juané Deysel, D16, 90m Hekkies, 832 punte
- Esri le Grange, D18, Hamergooi, 820 punte
- Lincoln Kunneke, S16, Gewigstoot, 812 punte
- Kayla du Preez, D16, 100m, 808 punte
- Stefan Boshoff, S16, 1500m Hindernis, 808 punte
- Kayla du Preez, D16, 90m Hekkies, 807 punte
- Lincoln Kunneke, S16, Diskusgooi, 804 punte

Opsomming van resultate

- 3 x OP-rekords
- 14 x 1e plekke
- 12 x 2e plekke
- 5 x 3e plekke

Individuele Resultate

Dogters o/16
1e – Tiané Slabbert (Paalspring)
1e – Elmé Vermaak (1500m Hindernis)
1e – Minke van der Merwe (Verspring)
2e – Tiané Slabbert (300m Hekkies)
2e - Kayla du Preez (100m)
2e – Minke van der Merwe (400m)
2e – Juané Deysel (90m Hekkies)
3e – Minke van der Merwe (200m)
3e – Méke de Vries (400m)
4e – Tanya Boshoff (400m)
4e – Juané Deysel (100m)
5e – Kayla de Preez (90m Hekkies)
5e – Livye Coetzer (Diskusgooi)

Dogters o/18
1e – Esri le Grange (Gewigstoot)
1e – Esri le Grange (Hamergooi)
1e – Alexia Meiring (Paalspring)
2e – Esmeri Oberhauser (800m)
2e – Carmen Strydom (Verspring)
2e – Meke de Vries (400m Hekkies)
2e – Jamie-Lee Bester (3000m)
2e – Kylie Klaasen (Driesprong)
3e – Carmen Strydom (Driesprong)
3e – Kylie Klaasen (Hoogspring)
3e – Ilke Wolmarans (1500m)
4e – Jamie-Lee Bester (1500m)

Dogters o/20
1e - Inge van Eyk (Paalspring)

Seuns o/16
1e - Lincoln Kunneke (Gewigstoot)
1e - Lincoln Kunneke (Diskusgooi)
1e - Lincoln Kunneke (Hamergooi)
1e – Kayden Thoressen (Paalspring)
1e – Kayden Thoressen (Driesprong)
1e – Jano Janse van Vuuren (Verspring)
2e – Bjorn Visser (Hamergooi)
2e – Stefan Boshoff (1500m Hindernis)
4e - Jano Janse van Vuuren (200m)
5e - Jano Janse van Vuuren (100m)
5e – Cleushey Jansen (1500m)

Seuns o/18
1e – JJ de Lange (Paalspring)
2e – Matthys Potgieter (Paalspring)
2e – Dallian Oerson (1500m)
6e – Guerra Ntuli (800m)
7e – Luka Bessinger (800m)
7e – Ruben Bouwer (1500m)
8e – Tristan van Wyk (1500m)
9e – Ethan Coutts (1500m)

SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# SWEMUITSLAE

Carl Andrews en Xander Botha het beide aan die 100ste Rivermile deelgeneem en die volgende posisies verower:
Carl Andrews : 22ste uit 239 mans
Carl was ook 1ste in die halwe myl.

Xander Botha: 62ste uit 239 mans.
Baie geluk julle twee. Framesby is trots op julle










100 aQuellé RIVERMILE nelson mandela bay MUNICIPALITY ZSPORTS EVENTS SA

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

# GRAAD 8-INBURGERING 2024

2024 het gekom en Hoërskool Framesby het dit weer reg gekry om geskiedenis te maak! 300 graad 8's. Dit is 10 seksies en vir die eerste keer nog, strek ons klasse van A tot by J. 'n Uitdaging is dit beslis om al hierdie "gedroggies" op dieselfde planeet te hou, maar ná die naweek van 19-20 Januarie, kon ons hulle verseker. Ons is reg vir hierdie uitdaging! Die inburgeringsnaweek, wat Vrydagmiddag begin het, het 'n briljante sottekonsert opgelewer asook 'n opwindende "Minute 2 Win it"-kompetisie waar die B-klas as wenners uit dié stryd getree het. Die aand is afgesluit met 'n spokerige speletjiesaand (wat veroorsaak het dat sommige leerders nóú nog na 'n verlore plakkie of twee soek). Saterdagoggend se pretdag, met die inflatables en t.s.v. die wind en weer, het gemaak dat die onbekende gesiggies mekaar sommer gou beter leer ken. Die aand is afgesluit met 'n spesiale baadjieseremonie, waar die Framesby-Flitsies hul laerskoolbaadjies vir hul hoërskoolbaadjie verruil het en soos een man opgestaan het nadat hulle plegtig belowe het om die fakkel vir die volgende 5jaar hoog te laat brand. Wat 'n pragtige see van blou was dit nie! Die FOV-vure het daarna vlam gevat en die ouers het 'n gesellige ken-mekaar braai geniet. Ons is dankbaar om hierdie spesiale groot groep as Framesbiane te kan verwelkom!








SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# FRAMESBY 6 AAN 'N KANT KRIEKETTOERNOOI GROOT SUKSES

Die Framesby o.13 Ses Aan 'n Kant-toernooi het vanaf Donderdag tot Saterdag plaasgevind. Daar het 12 spanne aan die toernooi deelgeneem wat vir die tweede jaar deur Blue Ribbon geborg is. Groot dank aan Charl de Lange van Blue Ribbon vir die borgskap!

Beker afdeling wenners - Laerskool Lorraine

Beker afdelings wenners - Laerskool Sunridge

Plaatafdeling wenners - Laerskool Verkenner







SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# SWEMUITSLAE

Anri de Beer (gr 11) het gedurende die vakansie aan die NMBA-kampioenskappe deelgeneem wat vanaf 15 - 17 Desember 2023 by die Newton Park swembad plaasgevind het. Sy het in die dogters 15 -16 jaar ouderdomsgroep deelgeneem en 'n brons medalje in die 200m rugslag verower.


Haar uitslae vir die gala was as volg:
50m Vryslag = 12de
100m Vryslag = 14de
200m Vryslag = 10de
50m Rugslag = 9de
100m Rugslag = 6de
200m Rugslag = 3de
50m Vlinderslag = 12de
100m Vlinderslag = 11de

Anri de Beer (gr 11) is gekies om NMBA in die Inter-Distrik Prestige Gala te verteenwoordig, wat op 15 Januarie 2024 in Oos-Londen plaasgevind het. Sy is gekies om vir die dogters 15-16 jaar ouderdomsgroep deel te neem aan die 50m Rugslag en 100m Rugslag. Sy het 4de geeïndig in beide items. Die span van NMBA het die Inter-Distrik Gala gewen.



## RUBEN EN RUAN VAAR GOED TYDENS ALGEMENE KENNIS KOMPETISIE

Ruan Grigor en Ruben Bouwer het aan die jaarlikse Conquesta Algemene Kennis-kompetisie deelgeneem en uitstekend gevaar. Ruan Grigor het in die algemene kennis-vraestel ‘n silwer toekenning ontvang en Ruben het ’n silwer toekenning vir sy Natuurwetenskap- en wiskunde 2 vraestel ontvang. Ruben het ook ‘n Diamant-toekenning vir Afrikaans 1 ontvang. Knap gedaan, julle!







SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# LINDIE EN JANNIE BESOEK FRAMESBY

Oudskolier Lindie Strydom en Jannie vd Westhuizen het Maandag en Dinsdag met ons leerders en ouers kom gesels. Lindie en Jannie se tema was : vind jou ware noord. Die tema het gefokus hoe om die beste jy te wees en op te tree as 'n ware dame/heer. Die leerders het die praatjie terdeë geniet. Ons sien daarna uit om hulle weer in die derde kwartaal te ontvang.









# KRIEKETUITSLAE

Framesby 4de vs Cape Recife 1ste
Framesby wen loot en kolf eerste
en behaal 142/2 in 18 beurte

Beste kolwers:
Christo Vosloo (32* retired not out)
Jaiden Brewis (31* retired not out)
Leander Terblanche 19

Cape Recife almal uit vir 32.

Beste boulers:
Le Roux Benn 2-0-2-3
Cole Hilpert 2 paaltjies
Damien Witbooi 1 paaltjie
Paul Van Heerden 2 paaltjies

Beren 2 paaltjies.
Framesby wen met 110 lopies

Framesby derdes vs Andrew Rabie eerstes
Framesby kolf eerste.
159-9

Beste kolwers:
Hansie v Wyngaardt 52 nie uit
Zander Swanepoel 46
Rabie 159-8

Beste boulers:
Ruben Fourie 4-16-3
Aiden Dennis 1-5-2

Wedstryd eindig gelykop

SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

## SANBS BEDANK FRAMESBY

SANBS het Framesby onlangs besoek en bedank vir ons ondersteuning. Ons Framesby-leerders is al vir jare kranige bloedskenkers.




## LUISTERFM WENS ONS GELUK

Mnr. Germishuys en Heila Oosthuizen het gister met LuisterFM gaan gesels oor die twee toekennings wat ons onlangs ontvang het (topskool en topleerder in die Oos-Kaap).




# BLAZERS TERUG IN VOORRAAD!

## BLAZERS KAN AFGEHAAL WORD EN ONS HET OOK ESKTRA IN VOORRAAD.



**Vir enige navrae:**
**Charnelle**
**charnelle@diehanger.co.za**
**082 342 8113**

**Katrien**
**072 407 0670**

**Die klerewinkel is op die volgende tye oop:**

**MAANDAE TOT DONDERDAE:**
**12:00 - 6:30**

**VRYDAE:**
**08:00 - 11:00**

DIE HANGER

SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# FRAMESBY OUDSKOLIERE

## ONS GESELS MET: RUDY DELPORT






In 1998 het ek by hierdie massiewe skool ingestap sonder om ‘n enkele persoon te ken en in 2002 het ek matriek verlaat met vriendskapsbande wat tot vandag toe nog sterk staan.

Mnr. van Niekerk se voogklas was altyd ’n hoogtepunt en Juffrou Cairns se Skeinat-klas het nooit teleurgestel nie.

Ek mis beslis ons vriendekring en dit is ‘n feit dat ons almal die snoepie  se “chip rolls” nooit sal vergeet nie.

Na skool het ek my NDip in Elektriese Ingenieurswese deur PE College voltooi en ek werk al die afgelope 18 jaar vir Life Healthcare en is tans die Streeks Projek Bestuurder vir die Wes-Kaap, Oos-Kaap en KZN. Ek beoog om hierdie jaar met my MBA te begin.

Ek was bevoorreg om Framesby in rugby en krieket te verteenwoordig en was deel van die heel eerste 0.16-rugbyspan wat deur Johnny Vermeulen afgerig was. Ek het die eer gehad om kaptein van die 2de span te wees, maar dit was altyd die grootste voorreg om die geleentheid te kry om die Bloktrui oor my kop te trek.

Na skool het ek Union krieketklub vir meer as 10 jaar verteenwoordig en het ’n passie vir binnehuise krieket ontwikkel waar ek die Oostelike Provinsie Ope Manspan verteenwoordig het en ook in 2015 vir die Suid Afrikaanse Ope Manspan gekies is. Ek het ook op die OP se binnehuise krieketraad vir 15 jaar gedien en dit is ook waar ek my vrou, Annelie, ontmoet het.

Ons is in 2011 getroud en ons het 2 kinders, Reynard en Kylie wat hierdie jaar Graad 1 en 4 onderskeidelik

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

by Lorraine Laerskool aanpak.

Soos ons ouer, word daag ons onsself meer en meer uit (dink ons probeer onsself oorreed dat ons nie oud raak nie). So het die driekamp gogga my en my vrou gebyt en die oefentyd is ons manier van tyd saam spandeer en ontspan.

Mag Framesby voortbou aan sy uitstekende reputasie van sport, akademie en kultuur.

Dit was n eer, en dit was 5 jaar wat n groot deel vorm van wie en wat ek vandag is.













SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# FRAMESBY OUDSKOLIERE (FOS)

Beste Oudskolier
Ons wil julle graag van gebeure rondom jul alma mater op hoogte hou. Om hierdie rede wil ons graag ons databasis op datum bring en vra dat alle oudskoliere asb. die volgende inligting na **fos@framesby.co.za** sal e-pos:

- ✓ NAAM EN VAN :
- ✓ NOOIENSVAN:
- ✓ ID-NOMMER:
- ○ JAARTAL GEMATRIKULEER:
- ○ ADRES:
- ○ PROVINSIE:
- ○ BEROEP:
- ○ TELEFOON:
- SELFOONNOMMER:
- E-POSADRES:

**U inligting bly hoogs vertroulik.**
**Die rede hoekom ons u ID-nommer benodig, is om te verhoed dat ons duplikate op ons sisteem stoor.**

FRAMESBY-OPVOEDKUNDIGE TRUST

# KLUB 1000/100

## WORD DEEL VAN 'N HOËRSKOOL VAN UITNEMENDHEID

Sluit aan by Framesby se Klub 1000/100 en word deel van 'n skool van uitnemendheid. Na vele navrae van ons alumni is die konsep van dié Klub gebore. Klub 1000/100 gee almal die kans om steeds betrokke te wees by die skool en die blink toekoms daarvan te verseker. Dit maak nie saak of jy nog in Suid-Afrika of oorkant die waters bevind nie. Jy kan 'n bydrae maak!

'n Maandelikse bydrae van R100 kan in die Framesby Opvoedkundige trust gedeponeer word. Hierdie trust word aangewend vir die welstand en vooruitgang van die skool. Die fondse sal deur die Trust bestuur word. Die aanwending van die befondsing sal bepaal word deur die skool en die Trust se komitee. Daar sal elke jaar 'n finansiële verslag deurgegee en geoudit word. Die proses is dus deursugtig en lede kan sien hoe hul skenkings aangewend word.

Op Maandag, 7 Augustus 2023 sal daar 'n video aan ons ouers en oudskoliere uitgestuur word wat die hele proses verduidelik. Die video sal ook op ons Youtube-kanaal, webwerf en Facebook-Blad beskikbaar wees. Die debietordervorm sal op ons webtuiste onder die Klub 100/100 "tab" beskikbaar wees.

PROSES OM BY DIE KLUB 1000/100 BETROKKE TE RAAK
1) Laai aansoekvorm van Hoërskool Framesby se webtuiste af.
2) E-pos voltooide vorm na rterblanche@framesby.co.za
3) U naam sal weekliks in die Fakkel-Flitse onder Klub 1000/100 lede verskyn.
4) Hou ons groeiende barometer dop. Dit sal op die voorblad van die Fakkel-Flitse verskyn.

Dankie aan oudleerders, ouers, onderwysers en passievolle ondersteuners vir u bydrae.

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

FRAMESBY-OPVOEDKUNDIGE TRUST

# KLUB 1000/100 *lede*

Marius Germishuys *(skoolhoof)*

Mariaan Botha *(ouer)*

Karl du Preez *(oudouer)*

Anél Ferreira *(ouer)*

Mornay Heunis

Sonia & Arthur Gunn *(ouers)*

Christiaan Beyers Knoetze *(oudskolier)*

Niel Louw *(ouer)*

Rinaldo Loftie-Eaton *(oudskolier)*

KA Reyneke

Petra Gouws *(BL Finansiële-voorsitter)*

Keagan Tait *(oudskolier)*

Wynand Wessels *(ouer)*

Werner Edwin Olivier *(ouer)*

Gerhard Meiring *(oudskolier)*

*Ernst Stapelberg (oudskolier)*

*Masunet Strydom (BL-voorsitter)*

*Dirk Kotze (BL)*

Lynette Stumke *(BL)*

Hugo Maritz *(BL)*

Pienaar Agenbag *(oudskolier en ouer)*

Bernard McDonald *(oudskolier)*

Jacqueline van Heerden *(oudskolier en ouer)*

Hoërskool Framesby

HANDHAAF EN BOU

Vorms beskikbaar op ons webtuiste!

# FRAMESBY STRAATMYLE

## WOENSDAG, 31 JANUARIE 2024



**15:00= Seuns en dogters 0/11 (1km)**

**15:20= Seuns en dogters 0/13 (1km)**

**15:40= Seuns en dogters 0/15 (straatmyl)**

**16:10= Seuns en dogters 0/17 en 0/19 (straatmyl)**

**Kontantpryse vir die eerste 3 plekke in elke ouderdomsgroep**

**Koste: R50 per inskrywing | R30 vir Framesby-atlete**

**Registrasie en laatinskrywings: 14: 15 - 16:15**

**Medaljes – eerste 20 seuns en dogters in 'n wedloop**

**Whatsapp inskrywing of e-pos vanaf 1 Januarie 2024 of skryf in deur jou skool**

**Vooraf inskrywings sluit Maandag, 29 Januarie.**

**Navrae en inskrywings:**

**M. Cronje 083 397 3251 / roekiecronje@gmail.com**

SCHUIN VILLA PHARMACY
we are different

Hoërshool Framesby
HANDHAAF EN BOU

# KOSBLIK REKENING VORM

SKOLIER NAAM: ____________________________________

OUER NAAM: ________________________________________

EPOS:__________________________________________________

SELFOON NOMMER:___________________________________

ALLE BETALINGS SAL OP DIE REKENING GELAAI WORD BINNE 24 UUR VANAF 1 AUGUSTUS.

STUUR ASB BEWYS VAN BETALING AAN INFO@DIEKOSBLIK.CO.ZA

KAART EN KONTANT BETALINGS IS WELKOM EN SAL DEUR DIE BESTUURDER AAN DIENS OP DIE REKENING GELAAI WORD.

REKENING SAL SLEGS OOPGEMAAK WORD NADAT DIE VORM VOLTOOI EN INGEHANDIG IS.

BANK INLIGTING:
DIE HOOFMEISIES
FNB CHEQUE
63 035 337 004
TAK 211 417

GROETE,
DIE HOOFMEISIES
071 856 5787

Die KOSBLIK
Hoërskool Framesby

# Die KOSBLIK

Hoërskool Framesby

## Spyskaart

## Woensdag - Dinsdag

## 1 Proteïen van die dag + 2 bykosse = R50

## Ekstra porsie proteïen = R25

Daagliks: Hoender fillet en groenslaai

W: Hake gebak of gebraai & botterskorsie slaai

D: Wildspastei & brokkoli slaai

V: Boerie rolle / Hoender sosatie rolle & tjips

M: Lasagne & blomkool slaai

D: Viskoekies & asiatiese slaai

Whatsapp: +27 (81) 015-4535



# NETBAL BEPALINGS 2024:

| DATUM | OPPONENTE | PLEK |
|---|---|---|
| 15 Januarie<br>16 Januarie | Oefenkamp seniors 14:00<br>Oefenkamp juniors 14:00 | Netbalbane |
| 1 Februarie | Netbal-ouerinligtingsaand 18:30 | Kosblik |
| 15 Februarie | o.17 & o.19 Proewe 16:00 | Netbalbane |
| 19 Februarie | o.14 Proewe 16:00 | Netbalbane |
| 20 Februarie | o.16 Proewe 15:00 & opedag | Netbalbane |
| 21 Februarie | o.14 Proewe 16:00 | Netbalbane |
| 22 Februarie | 0.15 Proewe 16:00 | Netbalbane |
| 23 Februarie | o.14 Proewe 16:00 | Netbalbane |
| 24 Februarie | Oefenkamp 09:30-12:00<br>KEN-MEKAAR VIR OUERS(bring-en-braai) 12:00 TOT 15:00 | Netbalbane |
| 26 Februarie | REGISTRASIE VAN SPANNE & oefeningtye soos op kwartaal program | Mev Beetge |
| 29 Febr & 1 Maart | NPL Wedstryde | Netbalbane |
| 2 Maart | Skommeltoernooi o.14A-C/D, o.15A-C/D, o.16A-C/D, o.17A&o.19B/C | Despatch |
| 6 Maart | 1ste span inhuldiging | Kultuursaal |
| 8&9 Maart | Grens fees o.14B/C-o.19B&C | Grens |
| 9 Maart | Kwagga fees Outeniqua o.14A/B-o.16A/B & o.17A&o.19A | George |
| 14Maart | Laerskole dag Alle afrigters 13:30 | Netbalbane |
| 16 Maart | o.19A Kirkwood fees<br>o.16&o.17A Andrew Rabe Fees | Kirkwood HS<br>HS Andrew Rabe |
| 20-25 Maart | Waterkloof toernooi o.14-o.19A spanne vertrek 03:00 | HS Waterkloof |
| 6 April | Framesby B-E toernooi | Netbalbane |
| 9 April | Zone proewe | Netbalbane |
| 11 April | Sub distrik proewe | Netbalbane |
| 12&13 April | Drostdy o.14-o.19 A-E spanne | Netbalbane |
| 16 April | Metro proewe | Netbalbane |
| 17 April | Spanlyste alle spanne NA DISTRIKS LIGA SAME ROEPER | Mev Beetge |
| 18 April | Lig: HS Cilllie | Netbalbane |
| 20 April | Liga:Otto du Plessis | Netbalbane |
| 22 April | Liga:St Marks | Netbalbane |
| 23 April | Liga:Bonzai | Netbalbane |
| 27 April | Brandwag Derby | Netbalbane |
| 29 April | Liga:Westering | Westering |
| 30April-4 Mei | Wildeklawer o.16 Vertrek 08:00 | Kimberley |
| 4 Mei | Proewe Provinsiale o.14-o.18 | Queenstown |
| 7 Mei | Despatch | Netbalbane |
| 8 Mei | Liga: Woodridge | Netbalbane |
| 9 Mei | Liga: Eduplanet&Curro Westbrook | Netbalbane |
| 11 Mei | Volkskool o.14-o.19B-C | Graaf Reinette |
| 14 Mei | Pearson | Netbalbane |
| 18 Mei | Finale provinsiale proewe & Langenhoven Gimnasium Riversdal | Queenstown/Netbalbane |
| 24&25 Mei | District Playoff: Top 2 van elke Zone & Wintergames o.14 | Framesby & TBA |
| 31 Mei &1 Junie | Provinsiale oefenkamp | Queenstown |
| 5&6 Junie | Oos Kaap Kampioenskappe o.12-o.15 | Queenstown |
| 7-9 Junie | Oos Kaap Kampioenskappe o.15, o.16, o.17 &DSTV o.19 | Queenstown |
| 15 Junie | Provinsiale oefenkamp | TBA |
| 16-20 Junie | All Ages Toernooi o.14-o.16 (Provinsiale Toernooi) | EG Jansen |
| 23-28 Junie | TNC o.17&o.18(provinsiale toernooi) | Pretoria |
| 1-7 Julie | Wintergames o.14 Provinsiale span | TBA |
| 5&6 Julie | Collegiate Festival o.17A&o.19A | Collegiate |
| 8 Julie | Netbal oefening gewone tyd Alle spanne | Netbalbane |
| 11-13 Julie | o.19 SA Top Skole DSTV Kampioenskappe | HS Florida |
| 12 Julie | DSG Allle spanne | Netbalbane |
| 13 Julie | Collegiate Alle spanne | Collegiate |
| 18-20 Julie | SA Top Skole o.14,o.16 & o.17 SPUR | o.14&o.16 HS Randburg o.17 HS Florida |
| 27 Julie | Hudson Park & Grens Alle spanne | Hudson Park |
| 9 Augustus | Interskool Nico Malan | Netbalbane |
| 12 Augustus | Interhuis | Netbalbane |
| 15-17 Augustus | Kay Motsepe SA Top Skole KAMPIOENSKAPPE o.15 | TBA |
| 19 Augustus | Fast 5 Proewe o.15 & o.17 | Netbalbane |
| 24 Augustus | Fast 5 Nico Malan | Nico Malan |
| 31 Augustus | Provinsiale Toenooi Fast 5 o.15 & o.17 | Framesby |
| 22-24 September | SA Top Skole Kampioenskappe FAST 5 o.15& o.17 | HS Florida |

# JANUARIE 2024

| SONDAG | MAANDAG | DINSDAG | WOENSDAG | DONDERDAG | VRYDAG | SATERDAG |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1<br>**Nuwejaarsdag** | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 7 | 8 | 9 | 10<br>**Atletiek**: ASA vlak 1 kursus @ Framesby | 11<br>**Krieket:**<br>1ste Grey PE Fest (t) vs Namibië 0/19<br>**Atletiek:** ASA Vlak 1 kursus @ Framesby | 12<br>**Krieket:**<br>1ste Grey PE Fest (t) vs Glenwood<br>**Atletiek**: ASA Vlak 1 kursus @ Framesby | 13<br>**Krieket:**<br>1ste Grey PE Fest (t) vs Jeppe |
| 14<br>**Krieket:**<br>1ste Grey PE Fest (t) vs St. Andrews School<br>**Tweekamp:** Liga 5 | 15<br>DH: DEJ<br>07:30 Skool open (onderwysers)<br>Die Eerste Skof<br>**Netbal:**<br>14:00 Oefenkamp Seniors | 16<br>Die Eerste Skof<br>Gr. 8: Inligtingsessie Leerders (08:00-12:00)<br>Gr.12 Wisk klasse 14:30-16:30<br>**Netbal:**<br>14:00 Oefenkamp Juniors | 17<br>Die Eerste Skof<br>Skool open (leerders)<br>Gr.8: Inburgering<br>Saal: Gr. 8-12<br>**Oueraand:** Skoolsaal<br>Gr. 12 – 18:00-18:45<br>Gr. 11 – 19:15-20:30 | 18<br>Dag 1<br>Die Eerste Skof<br>**Krieket:**<br>15:00 Laerskole 6-a-side A-Rugbyveld<br>17:30 – Funksie (Laerskole krieketafrigters)<br>**Oueraand:** Skoolsaal<br>Gr. 9 – 18:00-18:45<br>Gr. 10 – 19:15-20:30<br>**Mediaprefekte:**<br>Werkswinkel | 19<br>Dag 2<br>Die Eerste Skof<br>**Krieket:** 12:00<br>Laerskole 6-a-side<br>Gr. 8 Oriënteringsnaweek | 20<br>**Krieket**: Laerskole 6–a-side<br>**Atletiek**: Liga 5 NMU<br>Gr. 8 Oriënteringsnaweek<br>15:15 Gr. 8 Ouervergadering/ Baadjieseremonie/Braai |
| 21 | 22<br>Dag 3<br>DH: HAM<br>1ste Pouse:<br>Graadhoofdevergadering<br>Notule 1 na AH<br>**<u>Vind jou ware Noord</u>**<br>Dogters: Lindie Strydom<br>Seuns: Jannie VD Westhuizen<br>Gr. 12: 10:00 – 11:30<br>Gr. 11: 12:00 – 13:30<br>18:30 – 20:00 Jannie VD Westhuizen: Pa's van seuns<br>**Klasverteenwoordigers:**<br>Kennisgewing aan voogde oor verkiesing<br>**SING SONGS**:<br>Huis Vis/Krit (Voor 2de Pouse) | 23<br>Dag 4<br>**Atletiek:** Interhuis (middag)<br>**<u>Vind jou ware Noord</u>**<br>Dogters: Lindie Strydom<br>Seuns: Jannie VD Westhuizen<br>Gr. 10: 08:00 - 09:30<br>Gr. 9: 10:00 – 11:30<br>Gr. 8: 12:00 – 13:30<br>18:30 – 20:00 Lindie Strydom: Ma's van dogters<br>**SING SONGS**:<br>Huis Vis/Krit (Voor 2de Pouse) | 24<br>Dag 5<br>**Atletiek:** Interhuis (middag)<br>**English Debating:**<br>Beginners workshop<br>**SING SONGS:**<br>Huis Vis/Krit (Voor 2de Pouse)<br>**Krieket:**<br>3des vs Andrew Rabie (t)<br>4des vs Cape Recife (w)<br>0/15B vs Pearson (t) | 25<br>Dag 6<br>13:30 Skool sluit<br>**Atletiek:** Interhuis (middag)<br>**SING SONGS**<br>Huis Vis/Krit (Voor 2de Pouse) | 26<br>**Atletiek:** Interhuis | 27<br>**Tennis:**<br>09:00 Framesby Tennisouers oggendgeselligheid<br>**Krieket** vs Muir<br>1ste en 0/15A @ FR<br>2de en 0/14A @ Muir<br>**English Debating:** PE/UTH Festival (tuis) |

*Waar potensiaal verwesenlik word*

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 28 | 29<br>Dag 7<br>DH: SCJ<br>Junior Saal<br>Seniortoetsgleuf:<br>Wisk/WG<br>**Mnr. & Mej. Framesby:**<br>Onderhoude<br>**Rugby:**<br>Junior & Senior<br>Voorseisoen begin<br>**Krieket:**<br>0/14B vs DF Malan (t)<br>0/14C vs New Brighton (t) | 30<br>Dag 1<br>**Mnr. & Mej. Framesby:**<br>Onderhoude<br>BLOEDSKENK | 31<br>Dag 2<br>**Atletiek:**<br>Framesby Straatmyl<br>**Krieket:**<br>3des vs Otto Du Plessis (t)<br>4des vs Newton (t)<br>0/15B vs Alex (w) | | | |

# FEBRUARIE 2024

| SONDAG | MAANDAG | DINSDAG | WOENSDAG | DONDERDAG | VRYDAG | SATERDAG |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | 1<br>Dag 3<br>**Netbal:**<br>18:30 Ouervergadering (Die Kosblik)<br>**Krieket:**<br>Dogters 1ste Span vs VP (w)<br>**Mnr. & Mej. Framesby:**<br>Finaliste aankondiging en braai<br>**English Debating:**<br>A-league no. 1 | 2<br>Dag 4<br>**Netbal:**<br>14:30 Gevorderde Afrigtingskursus (Framesby)<br>**Krieket** vs Kingswood College T20<br>1ste vertrek 13:50<br>15 A vertrek 12:30<br>**Bergfiets**: Interhuis<br>**Hokkie**:<br>Skeidsregterskursus (Framesby)<br>Klasverteenwoordigers verkiesing tydens voogklas | 3<br>**Atletiek:** Liga 6 (Oval)<br>Attie van Wyk Laerskole Byeenkoms (Framesby)<br>**Tweekamp:** Eden High byeenkoms (Oudtshoorn)<br>**Krieket** vs Kingswood College<br>1ste & 15A (w)<br>2de & 14A (t)<br>**Netbal**:<br>08:30 Gevorderde Afrigtingskursus (Framesby)<br>**Swem:** B-Liga Gala |
| 4 | 5<br>Dag 5<br>DH: DEJ<br>1ste Pouse:<br>Graadhoofdevergadering<br>Seniortoetsgleuf:<br>Wisk/WG<br>Juniortoetsgleuf:<br>Wisk<br>**Atletiek:** 09:30<br>Sone (Oval)<br>(PA: SCJ,CRO)<br>18:00 Laerskolehoofde Funksie<br>**Krieket:**<br>0/14B vs Grey (t)<br>0/14C vs Pearson (t) | 6<br>Dag 6<br>1ste Pouse:<br>Vakhoofdevergadering<br>**Rugby:**<br>18:00 Ouervergadering (Die Kosblik)<br>**Krieket**:<br>Dogters 1ste Span vs Westering (t) | 7<br>Dag 7<br>**Krieket:**<br>14:30 1ste & 15A vertrek na Wes-Kaap<br>3des vs Patterson (t)<br>4des vs Kirkwood (w)<br>0/15B vs DP (w)<br>**VRL:** Verkiesing tydens voogklas<br>**Hokkie:**<br>18:00 Ouervergadering (Kosblik) | 8<br>Dag 1<br>**Krieket**:<br>13:00 1ste & 15A<br>vs Boland Landbou (w)<br>(PA: DEV, VDF)<br>Dogters 1ste Span vs Alex (w) | 9<br>Dag 2<br>**Krieket:**<br>1ste & 15A vs Somerset College (w)<br>(PA: DEV, VDF)<br>**Gholf**: Katberg Ope<br>Leerders vertrek om 11:30<br>**CSV-Kamp:**<br>(Jeffreysbaai)<br>**Landsdiens:**<br>Volwasseberaad (OL) | 10<br>**Krieket**: 1ste & 15A vs Somerset College (w)<br>2des vs Pearson (t)<br>0/14A vs Westering (t)<br>**Atletiek:**<br>ASA Liga 7 (NMU)<br>**Gholf:** Katberg Ope<br>**CSV-Kamp**: (Jeffreysbaai)<br>Landsdiens:<br>Volwasseberaad (OL) |

| 11 | 12 | 13 | 14 | 15 | 16 | 17 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Krieket:**<br>1ste & 15A vs Somerset College<br>T20 Toernooi<br>**Gholf**:<br>Katberg Ope<br>**CSV-Kamp:** (Jeffreysbaai) | Dag 3<br>DH: HAM<br>**Saal**: *Gr* 8 - 12<br>**Hokkie:**<br>16:00 Proewe<br>**Krieket**: 1ste en 15A keer terug van Wes-Kaap<br>(PA: DEV, VDF)<br>0/14B vs Zwide (t)<br>0/14C vs VP (w)<br>**Monitorbestuur:**<br>Valentynsverkope<br>**CSV**:<br>18:30 Koffiekroeg<br>(Kultuurlokaal) | Dag 4<br>**Hokkie:**<br>16:00 Proewe<br>19:00 Noot-vir-Noot<br>(Skoolsaal)<br>**Krieket**:<br>1ste vs VP (t) T20<br>Dogters 1ste Span vs Woodridge (t)<br>**Monitorbestuur:**<br>Valentynsverkope | Dag 5<br>**Hokkie:**<br>16:00 Proewe<br>**Krieket:**<br>3des vs *Grey* (w)<br>4des vs Mc Carthy (t)<br>0/15B vs *Grey* (t)<br>**Monitorbestuur**:<br>Aflewering van Valentynsverkope | Dag 6<br>**Hokkie:**<br>16:00 Proewe<br>**Netbal:**<br>16:00 Proewe<br>0/17 & 0/19<br>**Krieket:**<br>Dogters 1ste Span vs New Brighton (t)<br>**English debating**:<br>A-league no. 2 | Dag 7<br>**Atletiek:**<br>PE Skole (NMU)<br>(PA: *CRO*)<br>ASA Kort Program 8A<br>(Oval)<br>**Landsdiens:** *Gebiedskamp*<br>(Eerste Rivier)<br>**Monitorbestuur**:<br>Valentynsokkie | **Krieket** vs Nico Malan<br>1ste & 15A (w)<br>2de & 14A (t)<br>**Atletiek**:<br>PE Skole (NMU)<br>**Landsdiens:** *Gebiedskamp*<br>(Eerste Rivier) |
| 18 | 19 | 20 | 21 | 22 | 23 | 24 |
| **Tweekamp**: OP Kampioenskappe<br>**Landsdiens:** *Gebiedskamp*<br>(Eerste Rivier) | Dag 1<br>DH: SCJ<br>1ste Pouse:<br>*Graadhoofdevergadering*<br>Senior Saal<br>Juniortoetsgleuf: Wisk<br>*Gr.* 12 FW Std toets<br>*Gr.* 11 FW Std toets<br>Notule 2 na AH<br>**Werksafbakenings:**<br>*Gr.* 8 en 9 na Fasehoof<br>*Gr.* 10,11,12 na Fasehoof<br>**Netbal:**<br>16:00 Proewe<br>**Krieket:**<br>0/14B vs Alex (t)<br>0/14C vs DP (w)<br>**Boekkontrole Begin**<br>**BL Vergadering:**<br>18:00 GTT Vergadering<br>18:30 FK Vergadering<br>(Raadsaal) | Dag 2<br>13:00 Skool sluit<br>**15:00 Opedag**<br>Kunsuitstalling<br>(*Geen buitemuurse aktiwiteite nie*)<br>**Boekkontrole**<br>**Atletiek:**<br>ASA Kort Program 8B<br>(Oval)<br>**Krieket:**<br>Dogters 1ste Span vs Collegiate (t) | Dag 3<br>**Netbal:**<br>16:00 Proewe<br>**Tennis**:<br>Tjaart Vorster<br>Toernooi – *Cradock*<br>Leerders vertrek om<br>12:00<br>**Krieket:**<br>3des vs Woolhope (t)<br>4des vs DP (w)<br>0/15B vs Westering (t)<br>**Boekkontrole**<br>**BL Vergadering:**<br>18:00 Vergadering<br>(Raadsaal) | Dag 4<br>**Netbal:**<br>16:00 Proewe<br>**Tennis:** Tjaart Vorster<br>Toernooi – *Cradock*<br>(PA: POT)<br>**English Debating:**<br>A-league no. 3<br>**Boekkontrole**<br>**Krieket:**<br>1ste vs *Grey* (w)<br>2des vs *Grey* (t)<br>**Krieket:**<br>Dogters 1ste Span vs Pearson (t) | Dag 5<br>**Netbal:**<br>14:30 Proewe<br>18:30 NPL funksie<br>(Die Kosblik)<br>**Tennis**: Tjaart Vorster<br>Toernooi – *Cradock*<br>(PA: POT)<br>Matriekdag<br>**Boekkontrole Eindig** | **Krieket:** vs Brandwag<br>1ste & 15A (w)<br>2de & 14A (t)<br>**Netbal:**<br>08:00 Finale proewe en Oefenkamp<br>12:00 Ouerbraai<br>**Swem:** B-liga *Gala*<br>**Tennis**: Tjaart Vorster Toernooi – *Cradock*<br>**Atletiek**:<br>Metro byeenkons (Oval)<br>**English Debating:**<br>B-league no. 1 |

| 25 | 26 | 27 | 28 | 29 | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Tennis:** Tjaart Vorster Toernooi-Cradock<br>**Bergfiets**: XCO 2 (PE) | Dag 6<br>DH: DEJ<br>Junior Saal<br>Seniortoetsgleuf:<br>Wisk/WG<br>**Rugby:**<br>16:00 Proewe<br>**Boekkontrolevorms na AH** | Dag 7<br>**Rugby:**<br>16:00 Proewe<br>**Mnr. & Mej. Framesby**:<br>17:00 – 21:00<br>Kleedrepetisie | Dag 1<br>**Landloop:** 15:30<br>Gr. 8 byeenkoms<br>**Rugby:**<br>16:00 Proewe<br>**Mnr. & Mej. Framesby:**<br>18:30 GALA-AAND | Dag 2<br>**Netbal:**<br>15:00 NPL wedstryde<br>**Rugby:**<br>16:00 Proewe<br>**Krieket:**<br>Dogters 1ste Span vs DF Malherbe (t)<br>**English Debating:**<br>A-league no. 4<br>**Monitorbestuur:**<br>18:00 "Recharge" Sessie | | |

# MAART 2024

| SONDAG | MAANDAG | DINSDAG | WOENSDAG | DONDERDAG | VRYDAG | SATERDAG |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | 1<br>Dag 3<br>**Netbal:**<br>14:30 – 18:00<br>NPL wedstryde<br>**Hokkie:** Oefenkamp<br>**Atletiek:**<br>ASA OP Kampioenskappe (NMU) | 2<br>**Krieket** vs Woodridge<br>1ste & 15 A (w)<br>2de & 14 A (t)<br>**Netbal**: Despatch Skommeltoernooi A-D spanne<br>09:00 – 12:00<br>**Hokkie:** Oefenkamp<br>**English Debating:**<br>Junior Debate Day<br>**Atletiek:**<br>ASA OP Kampioenskappe (NMU) |
| 3 | 4<br>DH: LOF<br>**Toetsreeks**<br>**Gr. 8-12 begin** | 5<br>Toetsreeks *Gr.* 8 - 12 | 6<br>Toetsreeks *Gr.* 8 – 12<br>**Hokkie:**<br>0/16 Dogters OP Proewe<br>**Netbal:** 18:00<br>1ste Span Inhuldiging (Kultuursaal) | 7<br>Toetsreeks *Gr.* 8 – 12<br>**English Debating:**<br>A-league no. 5<br>**Atletiek:**<br>Oos-Kaap Kampioenskappe (Queenstown) | 8<br>Toetsreeks *Gr.* 8 - 12<br>**Atletiek:**<br>Oos-Kaap Kampioenskappe (Queenstown)<br>**Netbal:** *Grens* Toernooi *Gekombineerde* 0/14, 0/15, 0/16 & 0/19B&C spanne (spelers vertrek 10:00)<br>**Hokkie:**<br>2de Seuns en Dogters Despatch Fees<br>OP Hokkieproewe: 0/14,0/16,1ste Seuns & 1ste Dogters (Pearson)<br>**Gholf:** Port Alfred Ope (Spelers vertrek om 14:00)<br><br>**Slegs leerders wat skool bywoon sal toegelaat word om te speel.** | 9<br>**Atletiek:**<br>Oos-Kaap Kampioenskappe (Queenstown)<br>**Rugby:**<br>Kwagga Dag<br>1ste, 2de en *A*-spanne.<br>Despatch Sportfees<br>3/4de & B/*C* spanne<br>**Netbal:** 0/14A – 0/19A-spanne<br>Kwagga Dag & *Grens* Toernooi<br>*Gekombineerde* 0/14, 0/15, 0/16 & 0/19B&*C* - spanne<br>**Hokkie:**<br>2de Seuns en Dogters Despatch Fees<br>OP Hokkieproewe:<br>0/14,0/16,1ste Seuns en 1ste Dogters<br>(Pearson)<br>0.14 Dogters OP-proewe<br>**Gholf**: Port Alfred Ope |

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 10<br>**Hokkie:** Dogters Spar Challenge (Westering)<br>OP Proewe 0/16 Seuns (Pearson)<br>**Gholf:** Port Alfred Ope | 11<br>DH: LOF<br>Toetsreeks Gr. 8 – 12 | 12<br>Toetsreeks Gr. 8 - 12<br>18:00 – 20:00 Laerskole Sportdaggeselligheid | 13<br>Toetsreeks Gr. 8 – 12 | 14<br>**Toetsreeks Gr. 8 – 12 eindig**<br>13:30 Skool sluit<br>Laerskole Sportdag<br>**English Debating:**<br>A-league Quarter Finals | 15<br>Dag 4<br>**15:00 Punte ingevoer op SASAMS**<br>Druk en kontrole van ALL-lyste 17:00<br>**Hokkie:**<br>0/16A Dogters Pearson Fees<br>0/14 Dogters Alex Fees<br>0/19A Seuns en 1ste Dogters Gregg Belling/Tony Golling Toernooi (OL)<br>**Rugby:**<br>11:00 Graeme College Rugbydag (vertrek)<br>14A vs Queens 13:30<br>15A vs Queens 14:30<br>16A vs Queens 15:30<br>(PA: VDF, ASP, MAT)<br>**Slegs leerders wat skool bywoon sal toegelaat word om te speel.** | 16<br>**Rugby:**<br>Graeme College Rugbydag<br>Framesby 1ste vs Stirling<br>Andrew Rabie Sportfees<br>2/3de & junior B/C spanne<br>**Hokkie:**<br>0/16A Dogters Pearson Fees<br>0/14A dogters Alex Fees<br>0/19A seuns en 1ste Dogters Gregg Belling/Tony Golling Toernooi (OL)<br>2de Dogters Kirkwood Fees<br>**Netbal**:<br>0/19A Kirkwood Fees<br>0/16A & 0/17A Andrew Rabie Toernooi<br>**Tennis**: Derby vs Wembly Club (†)<br>**English Debating:**<br>B-league no. 2 |
| 17<br>**Hokkie:**<br>0/16A Dogters Pearson Fees<br>0/14A Alex Fees<br>0/19A Seuns en 1ste Dogters Gregg Belling/Tony Golling Toernooi (OL)<br>**Bergfiets**: XCO 3 (OL) | 18<br>Dag 5<br>DH: LOF<br>Kontrole van Dwarsstate<br>**FRUK**: Interhuistoneel<br>Finale vakveranderings: Gr 10 - 11 | 19<br>Dag 6<br>07:30 Kontrolering van proefrapporte<br>11:00 Druk van Finale rapporte<br>Gr. 12 Wisk klasse<br>18:00 – 20:00<br>**Hokkie**:<br>2de Seuns en 0/16 Dogters Westering Fees<br>**CSV**:<br>18:30 Koffiekroeg (Kultuurlokaal) | 20<br>**Skole sluit**<br>**07:00 – 08:30**<br>**Uitdeel van rapporte (Skoolsaal)**<br>**Algemene Kantoor sluit om 11:00**<br>**Hokkie:**<br>2de Seuns en 0/16 Dogters Westering Fees<br>1ste Dogters Union Toernooi<br>**Rugby**:<br>0/14 Kwagga Toernooi<br>0/15 Kwagga Toernooi<br>0/16 Paarl Gim Toernooi<br>**Netbal:**<br>Waterkloof<br>0/14,0/15,0/16,0/17,0/19 A-spanne vertrek 03:00<br>**Bergfiets:**<br>Liefdadigheidstoer | 21<br>**Menseregtedag**<br>**Rugby**:<br>0/14 Kwagga Toernooi<br>0/15 Kwagga Toernooi<br>O/16 Paarl Gim Toernooi<br>**Netbal:**<br>Waterkloof<br>0/14,0/15,0/16,0/17,0/19 A-spanne<br>**Hokkie:**<br>1ste Dogters Union Toernooi<br>**Atletiek**:<br>ASA Nasionale Kampioenskappe (Pretoria)<br>**Landsdiens:**<br>Nasionale Jeugberaad (Pietermaritzburg)<br>**Bergfiets:**<br>Liefdadigheidstoer | 22<br>**Rugby**:<br>0/14 Kwagga Toernooi<br>0/15 Kwagga Toernooi<br>0/16 Paarl Gim Toernooi<br>**Netbal:**<br>Waterkloof<br>0/14,0/15,0/16,0/17,0/19 A-spanne<br>**Hokkie:**<br>0/19A Dogters Union Toernooi<br>**Atletiek:**<br>ASA Nasionale Kampioenskappe (Pretoria)<br>**Landsdiens:**<br>Nasionale Jeugberaad (Pietermaritzburg)<br>**Debating:**<br>Alex public speaking and debating tournament<br>**Bergfiets:**<br>Liefdadigheidstoer | 23<br>**Rugby:**<br>0/14 Kwagga Toernooi<br>0/15 KwaggaToernooi<br>0/16 Paarl Gim Toernooi<br>**Netbal**:<br>Waterkloof<br>0/14,0/15,0/16,0/17,0/19 A-spanne<br>**Hokkie:**<br>1ste Dogters Union Toernooi<br>**Atletiek:**<br>ASA Nasionale Kampioenskappe (Pretoria)<br>**Landsdiens:**<br>Nasionale Jeugberaad (Pietermaritzburg)<br>**Bergfiets:**<br>Liefdadigheidstoer |

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 24<br>**Rugby:**<br>0/14 KwaggaToernooi<br>0/15 Kwagga Toernooi<br>0/16 Paarl Gim Toernooi<br>**Netbal**:<br>0/14,0/15,0/16,0/17,0/19<br>**Hokkie:**<br>0/19A Dogters Union Toernooi<br>**Landsdiens:**<br>Nasionale Jeugberaad | 25<br>**Rugby:**<br>0/14 KwaggaToernooi<br>0/15 Kwagga Toernooi<br>0/16 Paarl Gim Toernooi<br>**Netbal**:<br>0/14,0/15,0/16,0/17,0/19<br>**Hokkie**:<br>0/19A Dogters Union Toernooi<br>**Landsdiens:**<br>Nasionale Jeugberaad | 26 | 27<br>**Rugby:**<br>Kearsney Festival<br>Framesby 1ste Rugbyspan vertrek | 28<br>**Rugby:**<br>Kearsney Festival<br>Framesby 1ste vs Kearsney | 29<br>**Goeie Vrydag**<br>**Rugby:**<br>Kearsney Festival<br>Rusdag Framesby 1ste Span<br>**Tweekamp**:<br>SA Kampioenskappe (Bloemfontein) | 30<br>**Rugby**:<br>Kearsney Festival<br>Framesby 1ste vs Monument<br>**Tweekamp**:<br>SA Kampioenskappe (Bloemfontein) |
| 31<br>**Rugby:**<br>Kearsney Festival<br>Rusdag Framesby 1ste Span | | | | | | |

## SUNRIDGE VILLAGE SHOPPING CENTRE

## TENANT CONTACT LIST - JANUARY 2024

| NAME | TEL/FAX |
|---|---|
| Absolute Pets | T: 067 776 0661 |
| Baker's Street | T: 060 767 1330 |
| Barksole Shoe Repairs | T: 063 313 2023 |
| Build it | T: 360 9790 |
| Capellini Coffee & Restaurant | T: 360 3784 |
| Clicks & Clicks Pharmacy | T: 360 0179 |
| Continental Butchery & Deli | T: 041 110 0726 |
| Crave Burger | T: 076 334 5153 |
| Crazy Store | T: 087 135 8733 |
| De 'Swan | T: 492 3700 |
| Eglings Pro-Foto | T: 360 4436 |
| Elle Lifestyle Boutique | T: 360 6104 |
| Fishtales | T: 360 2877 |
| Hair & Beauty | T: 360 1199 |
| IT On The Move | T: 084 752 7927 |
| Lady J's Bridal Studio | T: 360 3255 |
| Lebbo Creations | T: 069 828 8752 |
| LingLong Chinese Take Away | T: 360 0590 |
| Manzi Water PE | T: 072 386 0130 |
| Mary's Home Industry | T: 360 9995 |
| Mobilities Vodacom | T: 363 1818 |
| Norma Jeans Nail & Beauty | T: 360 2204 |
| OptiLife | T: 450 9454 |
| OptiSkin | T: 060 682 9924 |
| Pet Masters | T: 360 3797 |
| Pick 'n Pay Clothing | T: 360 3718 |
| PostNet | T: 360 7441 |
| Ray's Car Wash | T: 083 227 4102 |
| Ray's House of Biltong | T: 360 2007 |
| Roman's Pizza | T: 360 3104 |
| San Fernando's | T: 368 1954/3536 |
| Seattle Coffee Co | T: 087 701 3144 |
| Spec-Savers Sunridge Park | T: 360 8406 |
| Spice Café | T: 081 722 5308 |
| Sunridge Barber | T: 081 591 4929 |
| Sunridge Exchange | T: 360 1109 |
| Sunridge Service Station | T: 360 1513 |
| Sunridge SUPERSPAR | T: 360 1509 |
| Thandi Florist | T: 360 3594 |
| Tidy Tucs Tailor | T: 062 626 0385 |
| Tops Liquor Store | T: 360 1509 |
| Twee Vellies | T: 072 634 6575 |
| Universal Cellular | T: 079 348 2010 |
| Urban Braai | T: 360 0331 |
| Vangela's Jewellers | T: 369 0100 |
| Village Laundromat | T: 079 598 5196 |
| Wimpy | T: 360 1757 |
| Woolworths Food | T: 398 3600 |
| Ziningi Gifts | T: 081 719 9563 |
| OMEGA SECURITY KIOSK | T: 083 227 0649 |
| **Centre Management** | T: 360 9442 |